Vrydag **6 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 55**

**Fokusgedeelte: Psalm 55:23 (AFR2020)**

**Werp jou las op die Here, Hy sal jou versorg!**

Psalm 55 is een van Dawid se psalms wat in die konteks van konflik geplaas word, maar hierdie keer is sy teëstanders in sy tuisdorp en onder sy vriende. Dawid het teenstand uit verskeie oorde ervaar, maar verraad binne sy vriendekring het 'n bitter dimensie aan sy beproewinge bygevoeg. Dawid se rusteloosheid en vrees het toegeneem en die drang om van alles te ontsnap, het hom oorweldig.

Daar is tye in ons lewe waar ons kan identifiseer met Dawid se desperaatheid om van die lewe se beproewinge te ontsnap. Om daarvan te ontsnap, is nooit die antwoord nie. Die antwoord is duidelik: "Werp jou las op die HERE ..." (vs 23).

Ons word aangemoedig om ons hele lewe – nie net ons laste en sorge nie – op die Here te werp en om sy toevlug en leiding in alle dinge te soek. Die belofte volgens Psalm 55 is nie dat God alle vrees, teenstand, seerkry en beproewinge sal wegneem nie. Die belofte is dat God ons sal versorg en onderhou. God voorsien nie ontsnapping nie, maar Hy voorsien krag en genade om die pad vorentoe aan te durf.

Die boodskap agter Psalm 55 is dat Dawid se ervaring die lyding van Jesus Christus uitbeeld. Die verraad van 'n vriend is duidelik in Christus se lewe sigbaar met Judas Iskariot wat Hom verraai het. Net soos die stad teen Dawid in opstand gekom het, so het die stad ook in opstand teen Jesus gekom (vgl. Matt. 27:22).

Jesus Christus, ons Verlosser, illustreer die les van Psalm 55 in die tuin van Getsemane (Matt. 26:36-46). Al het Jesus die grootste angs ervaar, het Hy nie probeer ontsnap nie, maar Hy het sy las op die Vader gewerp. God het Jesus versorg – nie deur die lyding weg te neem nie – maar deur genade en krag te gee om verlossing vir ons te bewerkstellig. Daarom kan ons ook ons las op die Here werp.

*Sing: Psalm 55-2:1, 6*

*Ds. R (Ruan) Steyn (Oshakati)*